


**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie

# 'n Stewige Gesette Anker

'n Rukkie terug het ek die geleentheid gehad om op 'n groot skip lanks die wonderlike kus van Alaska, VSA te vaar. Terwyl die kaptein voorberei het vir die skip se oornag verblyf in 'n afgeleë ongerepte baai, het hy die lokasie en omstandighede versigtig geëvalueer, soos die volgorde van die getye, diepte van die waters en distansie van gevaarlike hindernisse. Toe hy tevrede was, laat val hy die anker sodat die skip veilig en ferm geanker bly, wat die passasiers 'n geleentheid gee om oor die skouspelagtige skoonheid van God se skepping te verwonder.

Soos ek na die kuslyn gekyk het, het ek begin besef dat die skip besig was om amper onwaarneembaar te dryf met die geringste hoeveelheid wind en onderliggende stroom. Nietemin, die skip het ferm en konstant binne 'n vasgestelde sirkel gebly, gedefinieer deur die lengte van die ankerlyn en die krag van die anker.

Die kaptein het nie die anker op die skip gestoor gehou, gereed om verlaag te word alleenlik as 'n storm sou benader nie. Nee, Hy het die vaartuig geanker as 'n voorkomende maatstaf en het die skip beskerm teen die beweging na gevaarlike waters of stadig gestrand te dryf terwyl passasiers and bemanning veilig voel.

Soos ek hierdie toneel bepeins het, het dit my by geval dat as hierdie nie 'n geleentheid was vir 'n gelykenis nie, het ek nooit 'n vliegtuig gevlieg nie.

### Hoekom Ons Ankers Benodig

Die doel van 'n anker is om die skip veilig en verseker te hou by die gewenste lokasie of om te help om die skip gedurende slegte weer te beheer. Nietemin, om hierdie noodsaaklike doele te bereik, om net 'n anker te hê is nie genoeg nie. Die anker moet solied, betroubaar, en reg gebruik word op die regte tyd en plek.

Individue en families het ook ankers nodig.

Teenspoed kan as 'n groot storm kom om ons van koers af te blaas en dreig om ons teen die rotse te gooi. Maar partykeer is ons ook in gevaar wanneer alles veilig voorkom —die winde sag en die waters kalm is. Gegewens, ons kan in die grootse gevaar wees wanneer ons rond dryf en die beweging so effens is dat ons dit skaars agterkom.

### Die Evangelie Is Ons Anker.

Ankers moet solied, sterk en uitstekend gehandhaaf word om gereed te wees wanneer nodig. Addisioneel, moet hulle geheg wees tot 'n fondasie wat in staat is om die gewig te dra van opponerende kragte.

Natuurlik, die evangelie van Jesus Christus is so 'n anker. Dit was voorberei deur die Skepper van die heelal vir 'n goddelike doel en is ontwerp om veiligheid en leiding aan Sy kinders te voorsien.

Wat is die evangelie, derhalwe, behalwe God se plan om Sy kinders te verlos en om hulle terug te bring in Sy teenwoordigheid?

Om te weet dat dit die natuur van alle dinge is om te dryf, moet ons ferm ons ankers stel op die waarhied van die evangelie. Hulle moenie dit ligtelik verlaag op die sand van hoogmoed nie of skaars die oppervlak van ons oortuigings raak nie.

Hierdie maand het ons 'n geleentheid om van God se dienaars te hoor in die algemene konferensie van die Kerk. Hul woorde, gesamentlik met die skriture en die influistering van die Gees, voorsien 'n veilig en bestendige rotsbodem fondasie van ewige waardes en beginsels waaraan ons ons ankers kan heg, sodat ons standvastig en veilig kan bly te midde van die stryd en beproewinge van die lewe.

Die antieke profeet Heleman het geleer, " Dit is op die rots van ons Verlosser, wie Christus is, die Seun van God, dat julle jul fondament moet bou; sodat wanneer die duiwel sy magtige winde sal uitstuur, ja, sy pyle in die warrelwind, ja, wanneer al sy hael en sy magtige storm op julle sal neerslaan, sal dit geen mag oor julle hê af te trek na die kloof van wanweë die rots waarop julle gebou is, 'n fondament waarop, as mense daarop bou, hulle nie kan val nie (Helaman 5: 12).

### Die Waarde van Stewige Gesette Ankers

Die lewe het a manier om ons ankers te toets en ons te tempteer om te dryf. Nietemin, as ons anker reg geplaas is in die rots van ons Verlosser, sal hulle hou—maak nie saak die geweld van die wind, die krag van die gety, of die hoogte van die golwe nie.

Natuurlik, is 'n skip nie ontwerp om stilstaande in die hawe te wees nie maar eerder om die anker te lig en die see van die lewe te seil. Maar dit is 'n gelykenis vir 'n ander keer.

Vir nou, neem ek gemak in die wete dat die anker van die evangelie en die rots van ons Verlosser ons veilig en verseker hou.

So 'n anker sal ons weerhou om in die gevaar en teenspoed te dryf Dit sal ons die gloriese geleentheid toelaat om die onvergelykbare skoonheid van die steeds wisselende en sublieme natuurskoon van die lewe te geniet.

Die lewe is pragtig en die moeite werd. Wind, storm, en heersende strome mag ons tempteer om in sigbare of onsigbare gevaar te dryf, maar die boodskap van die evangelie en sy goddelike krag sal ons op die pad terug na die veilige hawe van ons Hemelse Vader hou.

Laat ons dus, nie net *luister* na die praatjies van die April algemene konferensie nie, maar ook hul boodskappe *toepas* as 'n stewige gesette anker in ons daaglikse lewe.

Mag God ons seën en ly in hierdie beduidende en noodsaaklike poging!

---

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

Oorweeg 'n bespreking oor die belangrikheid van ankers in die konteks van Lehi se familie se vaart na die beloofde land (sien 1 Nefi18). Jy mag aanwys1 Nefi 18:11–15,'n tydperk toe Nefi gebonde was, het die Liahona ophou werk en die skip is deur gewelddadige stroms gedryf. Wat se gevolge konfronteer ons wanneer ons nie veilig in die evangelie geanker is nie? Jy mag ook uitwys 1 Nefi 18:21–22 en bespreek hoe ons veiligheid kan vind deur na die Verlosser te draai.

## JEUG

## Ek en Konferensie

**Deur Sarah Deeks**

Ek het gedink dat algemene konferensie naweek lank en vervelig was, maar soos die tyd verby gegaan het, het ek daarna begin uitsien en het lief geword daarvoor. Algemene konferensie naweek kan geestelik herlaaibaar wees, maar dit is maklik om hierdie gevoelens te laat verdof wanneer normale lewe op 'n Maandag voortgaan Party van die volgende idees het my gehelp om soveel moontlik uit konferensie te kry.

Ek berei myself voor vir konferensie deur vrae neer te skryf, en dan maak ek notas soos my vrae beantwoord word. Daarna,laai ek die konferensie adresse en musiek af van LDS.org en sit dit op 'n MP3 speler ,sodat ek na 'n praatjie of gesang kan luister soos ek deur my daaglikse roetine gaan. Ek is ook lief daarvoor om die *Liahona* sirkulasie van die konferensie te bestudeer. Ek onderstreep en maak notas in die kantlyn van my persoonlike

afskrif. Teen die tyd dat die volgende konferensie omkom, is my tydskif deeglik gebruik. Soms studeer my familie die boodskappe saam in Familie aande.

Deur die gees te behou wat ons gedurende konferensie voel en om aanhoudend te leer uit die boodskappe vereis werk, maar deur dit te doen was ʼn groot seëning vir my. Ek het soveel krag en leiding in tye van nood ontvang deur die boodskappe van algemene konferensie te studeer, en ek weet dat hierdie boodskappe geinspireerd is.

*Die skrywer woon in Toronto, Kanada.*

## KINDERS

### Set Jou Anker

Wat sal jou geanker hou in die evangelie? Jy mag ʼn prentjie van ʼn boot en ʼn anker wil teken. Jy kan dan prentjies van mense of dinge lanks jou anker plak, wat kan help om jou boot veilig te hou. Onthou, President Uchtdorf het gesê dat Jesus Christus, moderne profete en die skrifture die beste ankers vir ons lewens is.

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//13. Vertalings goedkeuring: 6/13. Vertaling van *First Presidency Message, April 2014*. Afrikaans. 10864 501

# Die Goddelike Missie van Jesus Christus: Redder en Verlosser

*Studeer hierdie materiaal biddend en streef om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy waak deur vroue besoek? Vir meer informasie, gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

**Geloof, Familie, Verligting**

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat aspekte van die missie van die Verlosser bevat.*

Onder die mees beduidende van Jesus Christus se titels is Verlosser," het Elder D. . Todd Christofferson van die kworum van die Twaalf Apostels gesê. "*Verlos* beteken om 'n verpligting of skuld af te betaal. *Verlos* kan ook redding beteken of vrylaat deur die betaling van 'n losprys. . . . Elkeen van hierdie betekenisse stel verskillende fasette voor van die wonderlike verlossing wat bereik is deur Jesus Christus en Sy versoening, ingesluit in die woorde van die woordeboek, 'om te verlos van sonde en sy straf, soos deur'n opoffering gemaak vir die sondaar."[1]

Linda K. Burton, Vroue Vereniging se algemene president het gesê: "Hemelse Vader . . . Het Sy Enigebore en perfekte Seun gestuur om te ly vir ons sondes, ons hartseer, en alles wat onregverdig lyk in ons individuele lewens.

" . . . Een vrou wat vir jare deur beproewinge en verdriet gegaan het, het deur haar trane gesê, 'Ek het besef dat ek soos 'n ou 20-doller noot— gefrommel, geskeur, vuil, misbruik en geliteken is. Maar . . . Ek is nogsteeds die volle 20 doller werd.' Hierdie vrou weet dat sy . . . genoeg waarde gehad het vir [God] om Sy Seun te stuur om vir haar individueel te versoen. Elke suster in die Kerk behoort te weet wat hierdie vrou weet."[2]

### Uit die Skrifture

Nefi 2:6 Helaman 5:11–12; Moses 1:39

### Uit Ons Geskiedenis

Die Nuwe Testament sluit rekeninge van vroue in wie geloof beoefen het in Jesus Christus, wat geleer en Sy onderrig gelewe het, en getuig het van Sy bediening, wonderwerke en majesteit.

Jesus het vir die vrou by die fontein gesê:

"Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.

"Die vrou sê vir Hom, Here gee my daardie water, sodat ek nie dors kry . . . .

"Ek weet dat [die Messías] gekom het, . . . : wanneer Hy gekom het, sal Hy ons alle dinge vertel.

"Jesus sê vir haar, Dit is Ek wat met jou spreek."

Sy "het haar waterkan laat staan" en het in die stad getuienis van Hom gelewer. Sien Johannes 4:6–30.

**NOTAS**

1. D. Todd Christofferson, "Verlossing" *Ensign* of *Liahona,* Mei 2013, 109.
2. Linda K. Burton, " Is Geloof in die Versoening van Jesus Christus in ons harte geskryf?" *Ensign* of *Liahona,* Nov. 2012, 114.

### Wat Kan Ek Doen?

**1.** Hoe kan ons dankbaarheid wys vir ons Saligmaker en Verlosser, Jesus Christus?

**2.** Hoe kan ons deelneem in die seëninge van ons Verlosser se versoenings opoffering in ons lewens?

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/13. Vertalings goedkeuring: 6/13.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, April 2014*. Afrikaans. 10864 501